Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Op pad met …

Al jubelend gaan ons die Jubeljaar in. Ons gemeente word 50 en ons weet ons God wat was, en is sal ook die toekoms met ons wees. Ons behoefte is egter om elke dag nader te groei aan God. Daarom leef ons met die leuse “Passie vir God en 'n hart vir mense en 'n wêreld in nood”. Ons doen dit as onvolmaakte mense wat saam met 'n volmaakte God op pad is.

Daarom verstaan ons as gemeente dat ons op pad is met: God, mekaar en die wêreld. Ons het nie al die antwoorde nie, ons is gebroke mense, maar saam kan ons so oorweldig word van God se liefde dat ons nie anders kan as om dit met die wêreld te deel nie. Ons staan stil by die Matt 5:3-11 en hoor hoe beleef ons Μακάριος (Makarios - Goddelike vreugde) in ons lewens. Dit begin egter op 'n baie ongemaklike plek. Geseënd (Makarios) is die wat treur.

Het jy ‘n storie?

Ons soek stories of foto’s oor Helderberg Gemeente van die afgelope 50 jaar. Om ons Jubeljaar te vier wil ons vir mekaar vertel van hoe die Here die pad met die gemeente geloop het.

As jy ‘n storie het stuur dit asseblief na kommunikasie@nghelder.co.za, so deel ons dit met mekaar.

Sondag 20 Januarie

Op pad met God: Geseënd is die wat treur
Matt 5:4

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Deurkollekte: Gasvryheid

In die voorportaal van die kerk is die houer vir donasies vir Wupperthal. Formulemelk vir babas, babadoeke en sanitêre ware vir vroue word benodig. Vir meer inligting kontak asb die projekleier Pia Nänny by 083 279 4876

Wat gebeur in die #Tienerkerk? Gaan kyk hier: http://bible.com/events/547984

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - 13378y83L

Sondag 27 Januarie

Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is
Matt 5:6

08:00 Meditatief	Lizette Louw
08:00 Klassiek	Breda Ludik
09:30 Meditatief	Lizette Louw
09:30 Informeel	Danie O'Kennedy
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Fanie Schoeman - kanker
Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting
Ria Sass - heupoperasie
Danie Schoeman - hospitaal
Drieka King - gordelroos
Botha Marais - herstel na operasie
Hannes Theron - tweede knievervanging
Bernard en Marike Visser se baba, Carina (8 mnde), is baie siek
Deodi Fourie - breinoperasie
Paul en Michelle Swanepoel - ernstige gesondheidsprobleme
Van Zyl Siebert - kanker

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

Rou:
Ons dink aan Isella van der Walt wie se ma oorlede is.

HELDERBERG
waar ons warm klop

Die week:

Dinsdag 22 Januarie
06:00 Kom bid saam - Tent

Donderdag 24 Januarie
08:45 Bybelstudie gesamentlik - Kapel
18:45 Kantory oefen

Dagboek

29 Januarie - Kerkraadsvergadering
Begin om 19:00 in die Kapel

31 Januarie - Dissipelskap retraite
Retraite na Shama Retraite Sentrum van 31 Januarie tot 3 Februarie. Kontak Corius Visser by 082 453 4636 of Danie Möller by 083 375 8444.

7 Februarie - Pastorale-naratiewe kursus
Sien hieronder vir meer.

14 Februarie - Begin van 13 weke reeks
GriefShare, Divorce Care, Single&Parenting en DivorceCare4Kids begin om 17:30 in die Tent. Kontak Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com.

18 Maart - Phuket-uitreik
Alle kundigheid word benodig, lees meer op bl 6 of kontak Louise Theron by 021-851 5582 of louise@nghelder.co.za.

Kursus vir berading

Helderberg Beradingsentrum bied hierdie jaar ‘n pastorale-narratiewe kursus aan op eerstejaarsvlak. Almal met ‘n hart vir mense en ‘n behoefte om ander te ondersteun is welkom om in te skryf vir die kursus. ‘n Volledige uiteensetting van die kursus en die inskrywingsvorm is op die webblad beskikbaar of kontak vir Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za vir meer inligting.

Dissipelskap retraite

Ons gaan van Donderdag 31 Januarie tot Sondag 3 Februarie ‘n “restourasie retraite” met Deon Loots as begeleier doen. Enigeen is welkom om dit by te woon.

Die koste is R1 700 per persoon, (vervoer, verblyf, kos en handleiding ingesluit). Dit is ‘n baie goeie belegging in tyd en in geld in jou lewe. Bespreek jou plek so gou moontlik.

Kontak: Corius Visser 082 453 4636 of Danie Möller 083 375 8444

Gebed vir die week:
Here ons betree hierdie jubeljaar met groot dankbaarheid. Oor 50 jaar loop U ‘n pad met die gemeente. Dankie vir mense wat U oor die afgelope 50 jaar gebruik het en wat diep spore in hul verbondenheid met U geloop het, spore wat ons kan navolg. So aan die begin van hierdie jubeljaar wil ons ons afhanklikheid van U erken. Ons het U nodig. U liefde, genade en troue sorg is so kosbaar. U Woord help ons. U teenwoordigheid maak so ‘n groot verskil. Om U te volg, is so lewensvervullend. Ons leef graag as U geliefde kinders met gehoorsaamheid en toewyding. Amen.

HELDERBERG ons ♥ plek

Wil jy graag deel word van ons Helderberg-familie en ander ook laat tuis voel? Dit verg slegs een kwalifikasie - 'n vriendelike glimlag – jy hoef nie eens ‘n ekstrovert te wees nie!

Daar is verskeie plekke waar jy volgens jou beskikbaarheid betrokke kan raak:

- Die **verwelkoming-span** wat lidmate voor die dienste by die deure verwelkom en tydens die teedrink laat tuis voel. Kontak Helene Swanepoel.
- Die **nuwe intrekker-span** – elke laaste Sondag van die maand word nuwe lidmate tussen die dienste in die tent verwelkom met ‘n inligtinspakkie en ‘n gratis cappuccino. Hierdie span help hulle inskakel by die gemeente. Kontak Carima van den Berg.
- Ons **barista-span** wat die koffiemasjien beman – ons sal jou leer hoe om ‘n lekker cappuccino te maak. Jy word geskeduleer volgens jou beskikbaarheid. Kontak Nico Esterhuyse.
- Die **kombuis-span** wat help met voorbereiding vir Sondagverkope, funksies en teeskink by begrafnisse ens. Kontak Corneille Barnard.
- Die **gemeentebou-span** help met die reël van funksies en fondsinsamelings soos die Herfs- en Lentemakietie, gemeentebraaie, wynproe ens. Enigeen wat hier kan help is welkom – daar is altyd hande nodig by so ‘n funksie. Kontak Johline Barnardt.
- Die **jongwerkendes-span** wat Sondagaande vir die gasvryheid en kuiers verantwoordelik is. Kontak Marica Groenewald.
- Enige ouers van klein kindertjies wat betrokke wil raak om jong families te help tuisvoel by ons kuiergeleenthede. Kontak Helene Swanepoel.

Kom gesels gerus met ons en sit koppe bymekaar met enige ander voorstelle wat ons kan help om ‘n gasvrye gemeente te wees. Kom sommer vandag na die diens en gesels met ons in die Tent of kontak enige van die bogenoemde persone by hellohelderberg@gmail.com.

Kom ons maak die Jubeljaar een waar ons betrokke raak sodat ons mekaar beter leer ken. Die Gasvryheidbedienings staan ook bekend as **HelloHELDERBERG** - dankie dat jy ons help slaag om ‘n gemeente met ‘n warm hart te word.

♥ HG

hHELLOHELDERBERG

HelloHelderberg wil die jaar afskop deur lidmate te help om ander te leer ken. Omdat ons ‘n groot gemeente is, is daar mense wie se paaie amper nooit kruis nie. Deur kleiner groepe te skep kan ons help om meer mense met mekaar in kontak te bring. Op Sondag 20 Januarie gaan daar lyste in die Tent wees waar jy jou naam kan opskryf en aandui waarin jy belangstel bv fotografie, kunsgroep, leesklub, stapgroep en vele meer.

Enige persoon wat ‘n klub of groep wil begin of belangstel om deel van een te raak kan ons kontak by hellohelderberg@gmail.com
Kom raak deel hiervan om nuwe verhoudinge te help skep.

Dood, egskeiding of enkelouerskap?

Harmony projek bied 2 keer per jaar die GriefShare, DivorceCare, DC4Kids en Single&Parenting kursusse aan. Dit is inter-kerklike programme gegrond op Bybelse waardes om persone en gesinne te help met die dood van ‘n geliefde, egskeiding of enkel ouerskap. Ons volgende 13 weke siklus begin weer Donderdag, 14 Februarie. Ons eet vanaf om 17:30 saam en om 18:00 – 20:00 word die onderskeie programme aangebied.

Kry gerus ‘n brosjure met meer inligting by die kerkkantoor of lees meer op ons webblad **http://www.nghelder.co.za/** of op **http://www.churchinitiative.org/.** Enigeen is welkom, ook nie-lidmate.

Kontak ons ook gerus as jy op ‘n ondersteunende manier wil betrokke raak as donateur of adviseur.

Navrae aan Annette Botha (projekleier) by harmonyhelderberg@gmail.com

Helderberg UITREIK HARMONY Relationships Restored & Reconnected

Besoeker uit Mosambiek

Helderberg UITREIK

Isaac Gama, Mosambiek Geletterdheid se bestuurder op Milange in Mosambiek, kuier hier vir Helderberg se Uitreikfees op 3 Februarie en die jaarlikse kamp met Helderberg Uitreik se sendelinge daarna. Sal jy dit oorweeg om vir Isaac een aand slaapplek te gee gedurende die volgende periodes: 28 Januarie - 3 Februarie of 6 - 10 Februarie? Dit sal wonderlik wees as Isaac blootstelling kan kry aan Helderberg gemeentelede se gasvryheid. Kontak vir Bertus van Schalkwyk by 082 779 5244 vir meer besonderhede.

Hou jy van **lang-arm-dans** met 'n regte orkes en **gaskunstenaars** uit die boonste rakke? Teken dit nou reeds aan in jou dagboek: Saterdagaand 6 April 2019. Meer besonderhede volg later.

Phuket-uitreik 2019

Weggesteek agter die oënskynlike paradysagtige skoonheid van Phuket, is daar kinders wat krepeer in die *slum*areas. Op uitnodiging van die Asia Center Foundation (Phuket) word ‘n kortuitreik onder leiding van Breda Ludik beplan vir 16-31 Maart 2019. Die sentrum is in 2002 gestig deur Roelien Muller (Suid-Afrikaner) wat so geraak was deur die ellende toe sy Engelse klasse daar gegee het, dat sy ‘n skool vir die kinders begin het. “Asia Center Foundation (ACF) is a Christian charity registered as a Non Government Organization (NGO) on Phuket, Thailand in operation since 2002. Our **mission** is to help disadvantaged children and children-at-risk by providing care, training and education so that they will fulfil their God-given potential.” Alle kundigheid word benodig om ‘n verskil te maak in die lewens van die hierdie kinders.

Waarmee kan jy help:

- Bou van ‘n heining, sweiswerk
- Bouers en argitekte kan help met raad en advies oor addisionele geboue wat ons graag wil ontwerp en bou, maar nie noodwendig 'n argitek kan betaal daarvoor nie bv. buite braai en kuier area by ons akkommodasie gedeelte
- Tuinontwerper - (*landscaping and gardening*)
- IT, sosiale media en webblad
- Bemarking en *re-branding* van organisasie
- Ontwerp van nuwe bemarkingsmateriaal
- Fotograwe
- Nuwe video’s help om ons storie te vertel vir fondswerwing en kan ook help om ons vordering aan ons borge beter uit te lig

Opleiding van ACF spanlede in:

- Handhawing van dissipline in 'n klaskamer
- Basiese berading
- Beplanning, monitor van vordering en verslaggewing opleiding (spesifiek vir NGO's)
- Strategiese beplanning; kinder- en jeugbediening strategie en opleiding, gesinsbediening strategie
- Advies en leiding oor ACE (*Accelerated Christian Education* van die *School of Tomorrow*) kurrikulum en skoolbestuur
- Geestelike ontwikkeling: werkswinkels oor 'discipling', Bybelstudie
- Sportbediening

- Engelse klasse vir spanlede
- Basiese fotografie opleiding aan spanlede en kinders

Helderberg UITREIK

Lees meer oor Asia Center Foundation by http://www.asiacenterfoundation.org/

Inskrywings sluit 4 Februarie 2019

Vir meer inligting, kontak asb Louise Theron by 021-851 5582 of louise@nghelder.co.za

Beste Ouer

Dit is vir ons 'n voorreg om saam met julle, jul kosbare kind(ers) geestelik te versorg. Daar is uitgawes, soos materiaalgelde en 'n vrywillige bydrae vir die jaar sal help om ons beperkte begroting te laat klop. Dié gelde word weer teruggeploeg in die jeugbediening vir skryfbehoeftes, hulpmiddels en temaversierings (bv. met Pinkster).

R100 per kind; 2 kinders @ R180; 3 kinders @ R250; 4 kinders @ R300.

Dié geld kan inbetaal word met verwysing Junior jeug + kind se naam by die kerkkantoor of EFT

Baie dankie vir julle ondersteuning hiermee,
Familiebediening Bestuur



Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfons

Versorgingsfonds

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*